Sien jy wat God sien? | 23 Julie 2023 | Ds. Willem Badenhorst

willem.badenhorst@moreleta.co.za

Inleiding

Statistieke beweer dat meer as 33% van die wêreld se bevolking is nog nie met die Evangelie van Jesus bereik nie. Die Kerk van Christus se grootste taak is om mense te help om die Koninkryk van God te sien. Ek en jy is geroep om mense na Jesus toe te bring. In Mark 8 word 3 tipes mense geïdentifiseer: blindes - swaksiendes - die wat goed kan sien. 'n Groot deel van die wereld se bevolking is nog geestelik blind en moet nog die lig van Christus sien. 'n Groot deel van die kerk is swaksiende en moet gehelp word om beter te kan kyk. 'n Ander deel van die kerk sien goed en voer die Groot Opdrag van Jesus uit.

Wenke vir leier

- Maak seker dat elke kringlid die verlorenheid van die wêreld begryp.
- Laat kringlede gesels oor verlore mense wat hulle ken of waarvan hulle weet.

Lees saam

Mark. 8:22-25
2 Kron. 16:9
Ps. 67:2-3
Mark. 16:15
Matt. 13:13

Gesels saam

- Kon die blinde man in Mark. 8 vroëer in sy lewe sien?
- Wie het hom na Jesus toe gebring?
- Het jy al iemand na Jesus toe gebring/gelei? Deel met kringlede.
- Wat gaan jy doen om mense "beter" geestelik te laat sien?

Doen saam

1. Woon as kring 'n opleidingskursus by om mense na Jesus te bring (bv. *Deel Jesus*)
2. Oorweeg dit om as kring op 'n uitreik te gaan.
3. Moedig mekaar aan om gehoorsaam te wees aan God se Groot Opdrag en hou mekaar verantwoordbaar.

Bid saam

Bid vir die onbereikte bevolkingsgroepe in die wêreld.
Bid vir onbereiktes in ons stad en omgewing.
Bid dat die swaksiendes in God se kerk helder sal kan kyk.
Bid vir mense wat jy persoonlik van weet of ken, wat nog geestelik blind is.

Leer meer / kyk weer

Kliek hier

Kliek hier om weer te kyk.

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke
076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035